

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES

2016

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
 Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.
2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)	2	60	30 minute
	3	60	30 minute
	4	60	30 minute
	5	60	30 minute
	6	60	30 minute
C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)	7	40	30 minute
	8	40	30 minute
	9	40	30 minute
	10	40	30 minute
TOTAAL		300	180 minute

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.11 B.
- 1.1.1 Hierdie Wet maak voorsiening vir die totstandkoming van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA):
- A Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
 - B Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
 - C Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
 - D Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)
- 1.1.2 Watter EEN van die volgende besighede kan onder die tersiêre sektor geklassifiseer word?
- A TRIX Steenkoolmyn
 - B Toekoms Wynplaas
 - C Trust Meubelvervaardigers
 - D ABSA Bank
- 1.1.3 Zizamele Ingelyf is 'n voorbeeld van 'n ...
- A privaat maatskappy.
 - B staatsbeheerde maatskappy.
 - C persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy.
 - D eenmansaak.
- 1.1.4 Die gedeelte van 'n versekeringseis wat die versekerde moet betaal wanneer 'n eis ingedien word:
- A Bybetaling
 - B Premie
 - C Boekwaarde
 - D Rente
- 1.1.5 'n Nywerheidsontledingsinstrument gebruik om die uitdagings van die makro-omgewing te ontleed:
- A Porter se Vyf Kragte-model
 - B PESTWO
 - C SCAMPER
 - D Balanstelkaart

- 1.1.6 Telkom Bpk. is nie net oor hul finansiële posisie begaan nie, maar ook oor hul maatskaplike en omgewingsuksesse. Hulle doen dus verslag oor hul ... prestasie.
- A winsgewendheids-
 - B maatskaplike
 - C Porter se Vyf Kragte-
 - D drievoudige sleutelaspekte-
- 1.1.7 Joe glo daaraan om dinge anders te doen om mededingend te bly. Hy pas ... denke toe om nuwe idees uit te dink.
- A konvensionele
 - B roetine-
 - C kreatiewe
 - D induktiewe
- 1.1.8 'n Klein groepie vrywillige werkers wat gereeld vergader om gehalteverwante sake by die werkplek te bespreek:
- A Totale gehaltebestuur
 - B Gehaltesirkel
 - C Werkersverteenvoerders
 - D Gehaltebeheer-groep
- 1.1.9 Inspeksie van die finale produk om te verseker dat dit aan die vereiste standaard voldoen:
- A Gehaltegaping
 - B Gehaltebestuur
 - C Gehalteversekering
 - D Gehaltebeheer
- 1.1.10 Effektiewe terugvoering behels die ...
- A antwoord van vrae na afloop van 'n aanbieding.
 - B uitdeel van strooibiljette.
 - C hanteer van moeilike werknemers.
 - D aanwending van visuele hulpmiddels in 'n verbale aanbieding.

(10 x 2) (20)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

frontering ('fronting'); vervoer te verskaf; sewentien; maatskaplike; skuldbriefhouers; tien; aandeelhouers; ekwiteit; aflegging; omgewings-

- 1.2.1 Besighede kan hul werkers se welstand verbeter deur ...
- 1.2.2 'n Maatskappy betaal rente aan hul ..., ongeag of hulle genoeg wins gemaak het of nie.
- 1.2.3 Volgens die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) mag 'n werknemer nie meer as ... uur per week oortyd werk nie.
- 1.2.4 Mnr. Ntuli word as een van Bosman Beperk se direkteure genoem, alhoewel hy as 'n drywer in diens geneem is.
- 1.2.5 'n Besigheid wat na skoner produksietegnieke oorskakel, bevorder ... bewaring. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Sessie	A betaal krediteure vir dienste gelewer
1.3.2 Totale gehaltebestuur	B help om take toe te ken volgens individuele lede se rolle
1.3.3 Plasing	C die versekerde bedrag verleen lewensdekking
1.3.4 Spandinamika-teorieë	D plaas werknemers na ander afdelings oor
1.3.5 Skadeloosstelling	E dra die regte in 'n versekeringspolis na 'n ander party oor
	F pas die pos en die werknemer se vaardighede bymekaar
	G streef daarna om defekte te minimaliseer
	H help om die beste leier te identifiseer
	I meet die gehalte van die finale produk
	J die versekerde bedrag dek slegs verlies of skade aan eiendom

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Identifiseer die besigheidsumgewing wat deur ELK van die volgende stellings voorgestel word en noem die mate waartoe 'n besigheid elk van hierdie omgewings kan beheer.

Tabuleer jou antwoord soos volg:

BESIGHEIDSOMGEWING	MATE VAN BEHEER
--------------------	-----------------

- 2.1.1 Die werkers op Jan se Hoenderplaas is gereeld afwesig. (3)
- 2.1.2 Ella Bakker se verskaffers lewer nie betyds voorraad af nie. (3)
- 2.1.3 Hewige storms het Valley Spysenieringsdienste se geboue vernietig. (3)
- 2.2 Verduidelik die verskil tussen die *Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie* en die *Menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie*. (8)
- 2.3 Beskryf die *strategiese bestuursproses*. (8)
- 2.4 Pots-n-Pans Kombuis wil 'n besigheid in 'n gewilde winkelsentrum oopmaak. Gee hulle raad oor hoe om Porter se Vyf Kragte-model toe te pas wanneer hulle nuwe markomgewing ontleed word. (10)
- 2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

THULANE HANDELAARS (TH)
Thulane Handelaars het 50 werknemers wat vir die vervaardiging van hulle produkte verantwoordelik is. Daar word van alle werkers verwag om hoë gehalte produkte te lewer, alhoewel slegs jong werknemers die geleentheid kry om nuwe vaardighede aan te leer. Vroulike werkers word van opleiding uitgesluit.

- 2.5.1 Noem die Wet wat vir werknemers voorsiening maak om hul werkverrigting te verbeter. (1)
- 2.5.2 Haal handeling in die scenario hierbo aan wat deur hierdie spesifieke Wet as diskriminerend beskou kan word. (2)
- 2.5.3 Motiveer die positiewe impak van hierdie Wet op Thulane Handelaars. (6)

- 2.6 Bespreek die implikasies van die volgende BBSEB-pilare op besighede:
- 2.6.1 Eienaarskap (4)
 - 2.6.2 Bestuur (4)
- 2.7 Evalueer die impak van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1997 (Wet 61 van 1997) op werkgewers en werknemers. (8)
- [60]**

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FANCY CLOTHING (FC)

Patrick is Fancy Clothing se bestuurder. Hy beloon sy werknemers vir die lewer van hoë gehalte produkte en straf hulle as teikens nie gehaal word nie.

- 3.1.1 Identifiseer die leierskapstyl wat Patrick gebruik. (2)
- 3.1.2 Evalueer die impak van Patrick se leierskapstyl op sy besigheid, soos in die scenario hierbo beskryf. (8)
- 3.2 Onderskei tussen *bestuur* en *leierskap*. (8)
- 3.3 Beskryf TWEE soorte voorkeuraandele. (6)
- 3.4 Verduidelik hoe die volgende faktore tot die sukses of mislukking van 'n vennootskap kan bydra:
- 3.4.1 Bestuur (4)
- 3.4.2 Belasting (4)
- 3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.
- Sarie het 'n sake-eiendom ter waarde van R1 000 000 gekoop, maar sy het dit vir R800 000 verseker. 'n Vloed het 'n gedeelte van die eiendom vernietig en skade is op R400 000 beraam.
- 3.5.1 Identifiseer die versekeringsklousule wat op Sarie se situasie in die scenario hierbo van toepassing is. (1)
- 3.5.2 Bereken die bedrag wat die versekeraar aan Sarie sal betaal. (5)
- 3.5.3 Gee TWEE moontlike redes waarom Sarie haar sake-eiendom verseker het. (4)
- 3.6 Broad Way Bank se bemarkingsbestuurder is genooi om 'n PowerPoint-aanbieding oor hul nuwe bemarkingstrategieë te maak.
- 3.6.1 Noem VIER voordele van 'n PowerPoint-aanbieding. (8)
- 3.6.2 Gee die bemarkingsbestuurder raad oor die faktore wat gedurende die werklike aanbieding in ag geneem moet word. (10)

[60]

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

- 4.1 Maak 'n lys van SES diversiteitskwessies in die werkplek. (6)
- 4.2 Noem die probleemoplossingstegniek wat in ELK van die volgende stellings voorgestel word:
- 4.2.1 Carl gee sy werknemers die geleentheid om willekeurig idees voor te stel wat dan op 'n blaaibord geskryf word.
- 4.2.2 Tony's Consulting se bestuur het 'n lys gemaak van die voordele en nadele om hulle sakestruktuur te verander.
- 4.2.3 Shoba Fashion Design se werknemers is versoek om in stilte soveel as moontlik idees uit te dink en dit dan met ander werknemers te deel.
- 4.2.4 Themba Brick & Tile het hul werknemers gevra om verskillende maniere te ondersoek om hulle produkte aan te pas.
- 4.2.5 Die direkteur van Jimmy Finansiële Dienste gee voor dat hy by iemand sit wanneer hy sy eie besluite neem. (10)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TREVOR BANDE BPK. (TB)

Trevor Bande Bpk. het werknemers uit verskillende agtergronde in diens. Party van die werkers vind dit moeilik om ander se oortuigings en waardes te verdra. Baie werknemers baklei oor die gebruik van die besigheid se beperkte hulpbronne en ander ignoreer besigheidsreëls.

Die bestuur weier om aan die werknemers se ontevredenheid aandag te gee, ten spyte daarvan dat 'n formele klag deur sommige werknemers ingedien is.

- 4.3.1 Haal VIER oorsake van konflik in die scenario hierbo aan. (4)
- 4.3.2 Beveel maniere aan waarop Trevor Bande Bpk. ELKE oorsaak van konflik, waarna in VRAAG 4.3.1 verwys word, kan hanteer. (8)
- 4.4 Bespreek VIER stadia van spanontwikkeling. (12)

- 4.5 Verduidelik die implikasie van die volgende menseregte vir besighede:
- 4.5.1 Privaatheid
 - 4.5.2 Gelykheid
 - 4.5.3 Vryheid van spraak en uitdrukking
 - 4.5.4 Veiligheid, sekuriteit en beskerming van lewe (8)
- 4.6 Onderskei tussen *besluitneming* en *probleemoplossing*. (4)
- 4.7 Die bestuur van Craig Winkels voel dat die besigheid tyd en geld mors deur in gemeenskappe te belê. Gee hulle raad oor die voordele van korporatiewe maatskaplike belegging vir besighede. (8)
- [60]**

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WILBUR KLEREONTWERPERS (WKO)

Wilbur Klereontwerpers spesialiseer in mansdrag, maar wil ook damesdrag inbring. Die besigheid soek 'n modeontwerper wat in damesdrag spesialiseer. Hulle het die vakante pos in die plaaslike koerante en op die Internet geadverteer.

- 5.1.1 Identifiseer die soort werwing wat Wilbur Klereontwerpers gebruik en motiveer jou antwoord. (3)
- 5.1.2 Analiseer die impak van die soort werwing wat in die scenario hierbo beskryf word. (8)
- 5.1.3 Noem 'n ander soort werwing wat Wilbur Klereontwerpers kan gebruik om 'n geskikte kandidaat te vind. (1)
- 5.2 Onderhoudvoering is een van die stappe wat in die aanstellingsproses van nuwe werknemers gebruik word.
- 5.2.1 Beskryf die doel van 'n onderhoud. (4)
- 5.2.2 Verduidelik die rol van die aansoeker/applikant gedurende 'n onderhoud. (6)
- 5.3 Verduidelik die verskil tussen *posbeskrywing* en *posspesifikasie*. (4)
- 5.4 Besighede bied voordele aan om werknemers te lok en te behou.
- 5.4.1 Maak 'n lys van VIER voorbeelde van voordele. (4)
- 5.4.2 Evalueer die impak van voordele op besighede. (6)
- 5.5 Beskryf in breë trekke die gehalte-aanwysers van die bemarkingsfunksie. (8)
- 5.6 Bespreek die voordele van die implementering van 'n goeie gehaltebestuurstelsel in 'n besigheid. (8)
- 5.7 Brei uit op die voordele van totale kliënte-tevredenheid vir groot besighede. (8)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 6.1 Identifiseer die besigheidstrategie wat op ELKE stelling hieronder van toepassing is:
- 6.1.1 Hart Leer Bpk. het Smart Skoenvervaardigers (Edms.) Bpk. oorgeneem. (8)
 - 6.1.2 Tralfaga Steenkoolmyn het van hul onproduktiewe bates verkoop.
 - 6.1.3 Gail Kleinhandelaars verkoop nuwe produkte teen laer pryse.
 - 6.1.4 Speedy Motoronderdele het visvangtoerusting by hul produklyn gevoeg. (8)
- 6.2 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) het ten doel om die werksomstandighede van werknemers in Suid-Afrika te verbeter. Bespreek TWEE soorte verlof wat deur hierdie Wet bepaal word. (6)

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 6.3 Identifiseer die soort versekering wat op ELKE stelling hieronder van toepassing is:
- 6.3.1 Zaire sal vergoeding ontvang omdat sy haar werk verloor het as gevolg van die maatskappy se herstrukturering.
 - 6.3.2 Levy sal vergoed word vir ernstige beserings wat hy op pad werk toe in 'n taxi-ongeluk opgedoen het. (4)
- 6.4 Jack wil sy besigheid teen verskillende risiko's verseker. Gee TWEE voorbeelde ELK van *versekerbare risiko's* en *nie-versekerbare risiko's*. (4)
- 6.5 Tabuleer die verskille tussen *privaat maatskappye* en *publieke/openbare maatskappye*. (8)

BESIGHEIDSROLLE

- 6.6 Verduidelik die kenmerke van suksesvolle spanne. (6)
- 6.7 Stel maniere voor waarop besighede moeilike mense/persoonlikhede kan hanteer. (8)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 6.8 Onderskei tussen die *stukwerk-salarisvasstellingsmetode* en die *tydverwante salarisvasstellingsmetode*. (4)
- 6.9 Identifiseer die besigheidsfunksie wat deur die gehalteprestasie in ELKE scenario hieronder voorgestel word:
- 6.9.1 Susan is verantwoordelik vir die bevordering van die besigheid se beeld.
- 6.9.2 Don maak seker dat die besigheid se uitgawes tot 'n minimum beperk word.
- 6.9.3 Décor (Edms.) Bpk. gebruik 'n duur liasseerstelsel om die besigheid se dokumente in orde te hou. (6)
- 6.10 Gee besighede raad oor hoe om die BDKH-model/-siklus toe te pas as deel van die deurlopende verbetering van stelsels en prosesse om die gehalte van hulle produkte te verbeter. (6)
[60]
- TOTAAL AFDELING B: 180**

AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die instel van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) het besighede gedwing om die manier waarop hulle sake gedoen het, te verander. Hierdie Wet het 'n impak op hoe besighede verbruikers behoort te behandel. Besighede soek nou regsadvies oor die impak van hierdie Wet op hulle bedrywighede.

Gee 'n diepgaande ontleding van die Wet op Verbruikersbeskerming met oorweging van die volgende aspekte:

- Beskryf in breë trekke die doel van die WVB.
- Bespreek VIER verbruikersregte, soos in die WVB uiteengesit.
- Evalueer die impak van die WVB op besighede.
- Stel praktiese maniere voor waarop 'n besigheid aan hierdie Wet kan voldoen.

[40]**VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGINGS)**

Tom is 'n eerstejaar-handelstudent wat onlangs 'n groot bedrag geld geërf het. Hy wil hierdie geld belê om oor drie jaar sy eie besigheid te begin. Tom oorweeg dit om in gewone aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (JSE) en in RSA-kleinhandelspaareffekte/Regeringskleinhandeleffekte te belê.

Gee Tom raad oor die volgende beleggingsaspekte:

- Bespreek die faktore wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.
- Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (JSE).
- Onderskei tussen *saamgestelde rente* en *enkelvoudige rente*.
- Evalueer die impak van RSA-kleinhandelspaareffekte/Regeringskleinhandeleffekte op beleggers.

[40]

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (ETIEK EN PROFESSIONALISME)

Besighede is onder toenemende druk om professioneel, verantwoordelik en eties ten opsigte van hulle sakebedrywighede te wees. Dit impliseer dat besighede maniere moet vind om op winste te fokus en om aan professionele, verantwoordelike en etiese sakepraktyke te voldoen.

Skryf gedetailleerde aantekeninge en verwys na die volgende aspekte:

- Beskryf in breë trekke VYF maniere waarop professionele, verantwoordelike en etiese sakepraktyk bedryf moet word.
- Onderskei tussen *professionele gedrag* en *etiese gedrag*.
- Beskryf hoe *prysbepaling van goedere in landelike gebiede*, *seksuele teistering* en die *ongemagtigde gebruik van fondse* 'n uitdaging in 'n besigheid is.
- Beveel maniere aan waarop besighede ELK van die onetiese sakepraktyke hierbo genoem, uit die weg kan ruim.

[40]**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRONNE)**

Joe is die menslikehulpbron-bestuurder van Spring Water Bpk. Hy is verantwoordelik vir die keuring en induksie van nuwe werknemers. Spring Water Bpk. moet 'n nuwe boekhouer volgens die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) aanstel.

As 'n menslikehulpbron-konsultant/-spesialis, gee aandag aan die volgende aspekte:

- Bespreek die keuringsproses wat Joe moet volg wanneer die nuwe boekhouer aangestel word.
- Brei uit oor die regsvereistes van die indiensnemingskontrak.
- Stel aspekte voor wat by 'n induksieprogram ingesluit moet wees.
- Gee Joe raad oor hoe om aan die Wet op Gelyke Indiensneming te voldoen wanneer nuwe aanstellings gedoen word.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300